



Kraggakamma Huisgeloof vir kleingroepe, families en stiltetyd (18-22 Oktober 2021)

ONS ONTMOET MEKAAR

Indien julle 'n nuwe groep is gebruik die geleentheid om mekaar bietjie beter te leer ken. Elke deelnemer voltooi die volgende sin "Die een ding wat julle van my moet weet om my beter te verstaan is...?"

Gespreksvrae:

1. Wat is die vaste fundamente waarmee julle 2021 tot hier hanteer het? Wat gee vir jou "sin" in die totaal onseker wêreld?
2. "Sinsoekers in 'n verwarde wêreld"
Deel met mekaar wat is die eerste gedagtes wat by julle opkom as julle dit hoor.

Meer oor: "Sewe weke van sinsoekers."

In die inleiding van die reeks in die selgroepboekie beskikbaar by die kerkkantoor of op die gemeente se webblad, word meer uitvoerig verduidelik wat ons onder "sinsoekers" verstaan. In kort gaan dit oor hoe ons in hierdie tyd op ongekaarte terrein op 'n ontdekkingsreis moet gaan. Ons moet self die kaart teken, maar dit beteken dat daar by ons in die eerste plek 'n oortuiging moet wees dat daar sin en betekenis is in ons situasie (dat 'n kaart met ander woorde geteken kan word) en dat daardie sin en betekenis ontdek kan word (met ander woorde dat ons nuuskierig mag wees daarvoor en daarna kan soek). Natuurlik doen ons dit saam met God - Hy sluit ons in in hierdie sinsoekende en singewende proses. Hy help ons om te vra: "Waarmee is God hier besig?" en "Hoe kan ons en God sáám betekenis gee aan ons omstandighede en wêreld?"

ONS ONTMOET GOD

Steek 'n kers aan en bid as groep die volgende gebed saam:

Here help ons om nie blind te wees of daardeur verlam te word nie, maar die behoeftes rondom ons raak te sien.

Here help ons om kreatief te soek na sin in 'n verwarde wêreld en om by die geleenthede betrokke te raak en 'n verskil te maak.

Here gee ons die geloofsmoed om op vaste fundamente te bou en om met passie te reageer en gehoorsaam te volhard. Amen

Skriflesing: Jona 3:10-4:11

Tema: Ontnugter – deur God wat sy son oor almal laat skyn.

Matt 5:43-45 (die Boodskap)

⁴³"Julle ken ook die ou opvatting: 'Wees lief vir jou naaste. Haat jou vyand.'

⁴⁴"Wel, dit is nie waar nie. Ek sê vandag vir julle dat julle ook julle vyande moet liefhê. Bid vir almal wat julle swaar laat kry en julle vervolg.

⁴⁵Dan leef julle regtig soos kinders van God. Want Hy doen goeie dinge vir almal. Hy laat die son skyn oor goeie mense en oor slegte mense. Hy laat dit ook reën oor goeie mense se grond en oor slegte mense se grond.

Lees die teksgedeelte uit Jona en ook die agtergrond. Deel met mekaar wat julle hoor.

Agtergrond

Die boek het twee hoofkarakters naamlik God, en Jona Ben Amittai II (2 Konings 14:25). Die Assiriërs was vanaf 883 v.C. die magtigste wêreldmoondheid en verwoes Samaria in 722 v.C. Nou word Jona geroep om God se genade aan Israel se mees gevreesde en gehate vyand te gaan verkondig.

Die Assiriërs het hulle mag in die wêreld met hartelose en wrede optrede gevestig. Toe die Here dus vir Jona sê om na die Assiriërs te gaan en die mense daar op te roep tot berou het hy eenvoudig nie daarvoor kans gesien nie en probeer hy weglug.

Die groot fout wat ons met die boek Jona kan maak is om te dink dit gaan oor 'n man en 'n vis wat hom ingesluk het. En dan gesels ons oor hoe groot die vis moes wees en of die vis se keelgorrel groot genoeg was, ens. As ons dit gaan doen, mis ons heeltemal die boodskap van die boek.

Hierdie boek is die verhaal van 'n profeet se roeping en sy ongehoorsaamheid aan die roeping, en sy poging om weg te vlug. Maar nog meer dit gaan oor God se liefde en genade

Jona het 'n vaste idee gehad oor hoe God is: Hy is die Verbondsgod wat aan die kant van Israel is

Dan word hy ontnugter met die oneindige genade van God by wie almal belangrik is (ook jou vyande). Die ontnugtering is omdat God die mense liefhet wat Jona dink nie geliefd behoort te wees nie en omdat God mense 'n tweede kans wil gee, waar Jona hulle die vuur van God toewens.

Gewoonlik beteken om ontnugter te wees dat jy iets goeds van iemand geglo het en toe ontnugter is omdat hulle jou vertrouwe verkeerd bewys het. Dit het gewoonlik dus in negatiewe konnotasie. In ons verhaal word Jona egter positief ontnugter omdat God hom oorweldig met sy genade. Hy word dus positief ontnugter deur God se genade.

God kom deur die verhaal ons uitdaag om as sinsoekers telkens ontnugter te word deur Sy genade, barmhartigheid, lankmoedigheid en liefde.

Gespreksvrae:

And Jonah stalked
to his shaded seat
and waited for God
to come around
to his way of thinking.

And God is still waiting for a host of Jonahs
in their comfortable houses
to come around
to His way of loving.

Thomas Carlisle, "You, Jonah"

1. Wat kom by jou op as jy die gedig van Thomas Carlisle hierbo lees?
2. Jona word "ontnugter" deur God se genade en liefde. Deel met mekaar waar jy al deur God se genade en liefde "ontnugter" is.
3. Hoe help die verhaal ons om God dalk anders, beter, te verstaan?
4. Hoe kan ons in ons gewone lewens mense "ontnugter" met God se genade en liefde?

ONS ONTMOET DIE WÊRELD

Gee tyd van stilte, gebed en nadenke, sodat elkeen kan besluit waartoe hulle hulleself in die komende week wil verbind. Gesels oor hoe die stukkie kaart lyk wat jul vandag geteken het.

Ons bid saam

Sluit af deur saam te bid vir mekaar en vir die inspirasie deur die Gees van God om die week singewers te gaan wees in 'n verwarde wêreld. Ons bou immers op die vaste fondament dat God ons enigste Here is.

Info blad

Alle belangrike inligting verskyn op die Kommunikamma wat uitgestuur is op Watsapp. Die Kommunikamma verskyn ook op ons webblad:

Sel/Kleingroep reeks vir hierdie kwartaal

Ons skip die week af met die: **“7 weke as Sinsoekers”** reeks in ons eredienste en in sel- of kleingroepe.

Datum	Tema	Skriflesing
17 Oktober	Ontnugter	Jona 4:1-11
24 Oktober	Onvermydelik	Matt 13:24-30; 36-43
31 Oktober	Ontdek	Matt 5:21-48
7 November	Onderskei	Fil 1:3-11
14 November	Onderonsie	Hand 15:1-35
21 November	Omsluit	Ps 139
28 November	Ontwrig	Luk 10:1-20

Dinsdag 19 Oktober

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die nood raak steeds groter. Hul gee ook nou toebroodjies vir 40 kinders wat honger gaan slaap en skool toe gaan. Hulle vra vir donasies van smeergoed. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds meer as R261 955,93 gebruik om kos aan te koop. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag **tussen 8:00 en 12:00 by die kerkkantoor** afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

Donderdag 21 Oktober

19:00 Jong volwassene koffie, kuier en koek gesprekkeleentheid. Almal wat jonk (en volwasse is) word uitgenooi na hierdie geleentheid. Dit vind in die Voortrekkersaal plaas.

Saterdag 23 Oktober

ViA se “Tea and Wine Pairing

Die dames van die gemeente word uitgenooi na die Via “Tea and Wine Pairing” geleentheid.

Vrydag 5 November

16:00 tot 20:00 KERSMARK EN MINI-KERMIS

Kraggakamma Gemeente gaan op Vrydag 5 November ‘n Kersmark en Mini-Kermis kombineer. Indien jy wil betrokke raak of graag wil help, kontak vir Frans Stapelberg (082 773 6205) of Niekie (082 561 8747) vir meer inligting.

Jy kan solank jou kos aanlyn bestel by

<https://thanditechsolutions.co.za/ocart2/index.php?route=common/home>

TIENDEMAAND DANKOFFER

Oktobermaand is 10de maand dankoffermaand.

Die begrote bedrag vir die tiendemaand dankoffer is R240 000. Dit is dieselfde bedrag as wat ons verlede jaar ingekry het. Ons dank die Here wat voorsien het deur elke lidmaat se dankbare bydrae!